



Oktober 2021

RUSSIESE MUSIEKTOER

26 Junie – 09 Julie 2022

TOERPROGRAM

Junie

So 26

JOHANNESBURG

Ons vertrek op **26 Junie 2022** vanaf die **O.R. Tambo-lughawe** in Johannesburg. Ons vlieg met **Lufthansa** en moet om **16:00** op die lughawe wees vir **Vlug LH 573**, wat om **19:00** na **Frankfurt** vertrek. Daar haal ons **Vlug LH 1444** na **Moskou**. Volledige vlugbesonderhede volg met Omsendbrief 1.

Ma 27

MOSKOU

Ons land om **12:15** in **Moskou** – die hoofstad van Rusland, die grootste land ter wêreld.

Hierdie eens magtige keiserryk is al 850 jaar oud en ontwikkel steeds binne 'n vinnig-veranderende politieke en ekonomiese klimaat. Moskou word beskryf as 'n stad wat bestaan uit 'n pragtige samesmelting van oud en nuut, vreemd en bekend, verval en sprankel!

Ons groep gaan van die lughawe reguit na die boot, die **MS Pushkin**, wat reeds in die hawe vasgemeer lê. Ná aankoms by die boot en registrasie by die ontvangs, kan ons uitpak en ontspan totdat aandete voorgesit word. (Indien ons nie te laat by die boot arriveer nie, kan u op u eie of saam met die groep die omgewing verken.) Vir die res van ons verblyf op die boot word drie etes per dag verskaf. Toerlede is gewoonlik op die eerste aand van aankoms in die vreemde uitgeput en ons beveel daarom nie uitstappies op die eerste aand aan nie. Omdat ons tyd in Moskou egter beperk is, kan diegene wat ná aandete nog energie het die stadsentrum met behulp van die plaaslike Metro-stelsel of huurmotors te besoek.

Di 28

MOSKOU

Vanoggend onderneem ons 'n **stadstoer** van Moskou en besoek o.a. die pragtig gerestoureerde **Bolshoi-teater** – 'n kunswerk op sigself. (Indien ons vanaand 'n uitvoering in die Bolshoi bywoon, besoek ons nie die teater as deel van die stadstoer nie.) Ons kry die voorreg om 'n rukkies op die **Rooplein** (400 m lank en 130 m breed), oftewel die hart van Moskou, te vertoef. Die St Basilius-katedraal oorheers die een kant van die plein. Regs van die plein is die Kremlinmuur en voor die muur Lenin se Musoleum van rooi en swart marmer.

Ons besoek die indrukwekkende **ondergrondse metrostasies** en die bekende **Arbatstraat** vir inkopies. Ons neem kospakkies vir middagete saam, sodat ons so veel as moontlik tyd in die stad kan deurbring.

Daar sal vandag of môre geleentheid wees om die **Novodevichy-begraafplaas** te besoek. Dit is die grootste begraafplaas in Moskou en lê teen die suidelike muur van die 16e eeuse Novodevichy-klooster. Opera-bariton Dmitri Hvorostovsky (16 Oktober 1962 – 22 November 2017) se graf in dié begraafplaas is 'n groot trekpleister vir musiek liefhebbers. Dmitri word as een van die mees geliefde sangers van die afgelope dekade en deur sommige as die bariton van die 21e eeu beskou. Ander bekendes se grafte in die Novodevichy-begraafplaas sluit in: Nikita Sergejevich Khrushchev (politikus); Dmitri Dmitriyevich Shostakovic (Russiese komponis en pianis); Boris Nikolayevich Yeltsin (politikus en eerste president van die Russiese Federasie) en sy vrou, Raisa Gorbacheva; Nikolai Andreyevich Rimsky-Korsakov (Russiese komponis en lid van die groep komponiste bekend as *The Five*) en Galina Sergejevna Ulánova (wêreldbekende Russiese ballerina). Die standbeelde en monumente op die grafte is fassinerend en laat 'n blywende indruk.

Vanaand besoek ons die **Bolshoi-teater**. **Let wel:** Indien daar nie 'n vertoning in die Bolshoi-teater aangebied word gedurende die tyd wat ons in Moskou is nie, sal ons 'n musiekvertoning in 'n ander populêre teater bywoon en 'n besoek aan die Bolshoi by ons stadstoer insluit.

Wo 29

MOSKOU

Ons ervaar iets van die Russiese argitektoniese kultuur- en kunsskatte tydens 'n besoek aan die **Kremlin**, setel van die Sowjet-regering en vroeëre paleis van die Tsaars. Hierdie 25 hektaar ommuurde area huisves katedrale, paleise en administratiewe geboue, onder andere die Kremlin-paleis, die Katedraal-plein en Iwan die Grote se Kloktoring.

'n Opsionele besoek aan die **Wapenkamer (Armoury)**, waar 'n besondere versameling kroonjuwele en skatte van voormalige Tsaars vertoon word, kan opsioneel vir belangstellendes gereël word.

Ons neem weer kospakkies vir middagetete saam ter wille van diegene wat vir oulaas tyd op die Rooiplein of elders in die stad wil deurbring. Almal moet egter teen 15:30 terug aan boord wees wanneer die MS Pushkin om ongeveer **16:00** na Uglich vertrek.

Let wel: Die volgorde van die program in Moskou kan verander.

Do 30 UGLICH

Uglich, wat uit 1148 dateer, is een van Rusland se mees geliefde stede. Die meeste uitstappies in Uglich konsentreer rondom die ou Kremlin met talle antieke geboue aan die waterfront. Aan die einde van die 16de eeu het Maria Nagaya, Iwan die Verskriklike se vrou, in ballingskap in die Kremlin van Uglich gewoon. Die fassinerende rooi Kerk van St Dmitry, wat ná die heiligverklaring van die vermoorde Tsarevich Dmitry gebou is, staan hier naby. Uglich se oudste gebou, die Paleis van Tsarevich Dmitry, is ook hier te sien. Ons vertoef ongeveer drie ure in Uglich. Die straatstalletjies is 'n fees vir die oog en ervaring het geleer dat aankope hier van die goedkoopste is. Die boot vertrek om **18:00** na Yaroslavl.

Julie

Vr 01 YAROSLAVL

Om **08:00** vanoggend arriveer ons in **Yaroslavl**. Ons onderneem 'n stadstoer deur hierdie 1 000 jaar oue handelstad wat oor 'n afstand van 26 km langs die oewer van die Wolgarivier lê.

Van die belangrikste besienswaardighede is die manjifieke Spassky-klooster en die Kerk van die profeet Elia, wat 'n unieke versameling ou Russiese muurskilderye (fresko's) huisves. Die handjievool manne wat vir besoekers in hierdie kerk sing, is iets wat 'n mens vir lank bybly. 'n Besoek aan die varsproduktemark in die stad is die moeite werd.

Sa 02 GORITSKY KIRILLO

Vandag het ons geleentheid om meer van Rusland se binneland te sien terwyl ons per bus na die nabygeleë **Kirillo** ry. Die eenvoudige leefwyse van die inwoners is opvallend: Hulle leef van die grond af, elkeen met sy/haar eie groentetuintjie. Ons besoek onder andere die Goritsky Belozerski-klooster ('Monastery of St. Cyril of the White Lake'), een van die grootstes ter wêreld. Straatstalletjies met snuisterye word hier aangetref.

So 03 KIZHI-EILAND

Hierdie klein eilandjie aan die noordelike punt van die Onega-meer is 'n fees vir die oog! Ons meer om ongeveer **14:30** by Kizhi vas. Veral die suidelike punt van **Kizhi-eiland** word gekenmerk deur talle kerke, kapelle, kloktorings, plattelandse huisies, graan- en ander skure en windmeulens – 'n versameling wat duidelik die styl en argitektuur van Noordelike Rusland uitbeeld. Die hele eiland is 'n opelugmuseum. Die 'Kerk van Verheerliking' het 22 houtkoepels en is die toppunt van die Russiese sprokies-argitektuur!

Die boot vertrek om **18:30** na Mandrogy.

Ma 04 MANDROGY

Vandag beleef ons 'n ontspanne atmosfeer en leer ken ons meer van die Russiese platteland in **Mandrogy**. Indien die weer dit toelaat, word ons met 'n tradisionele Shashlyk-braai (Russiese braaivleis met sosaties) in die buitelug onthaal, afgerond met eg-Russiese volksvermaak. Ons besoek ook toonkamers waar vroue tipiese Russiese handvlyt, soos die allerfynste kantwerk en die maak en verf van matrushka-poppies, beoefen. Ons hou vanaand konsert en as die weer dit toelaat, hou ons middernagfees op die bootdek om die middernagson te aanskou wat eers ná **23:00** ondergaan!

Di 05 – Vr 08

ST PETERSBURG

Ons bring drie aande in St Petersburg deur en ontskep op 08 Julie. Met 101 eilande, 66 kanale en honderde brûe is St Petersburg (of Leningrad, soos dit vroeër genoem is) een van die wêreld se elegantste stede! Die skoonheid lê in die vermenging van Oosterse en Westerse argitektuur en kuns. Vanweë die stad se ligging op 'n netwerk van riviere, eilande en die see, staan dit ook as die 'Venesië van die Noorde' bekend.

Oor die volgende paar dae kry ons geleentheid om hierdie pragtige stad goed te verken. Ons onderneem 'n begeleide **stadstoer** van dié merkwaardige stad en besoek o.a. die internasionaal bekende **Hermitage-museum**. Hierdie museum bevat die grootste versameling kuns- en antieke werke ter wêreld, wat verklaar waarom dit as die 'Moeder van alle Kunsmuseums' bekend staan.

Dit is slegs die Louvre in Parys en die Prado in Madrid wat met hierdie museum kan wedywer. Dié museum was vroeër die Winterpaleis, waar die laaste ses tsaars gehuisves is.

Opsionele besoeke aan die **St Isaac-katedraal, Peterhof** – een van die tsaars se weeldepaleise, met indrukwekkende tuine en 'n goue spuitfontein – en die **Catherine-paleis** met die wêreldbekende amberkamer in Pushkin asook 'n opsionele kanaalvaart in St Petersburg kan gereël word.

Een aand gedurende ons verblyf in St Petersburg woon ons 'n **folklore-vertoning** by en een van die ander aande 'n **balletuitvoering** in een van die stad se gesogte teaters.

Nadat ons op 8 Julie ontskeep het, kan u vir oulaas inkopies in die stad doen. Ons besoek 'n eg-Russiese restaurant vir middagetete, waar ons na Russiese musiek luister en vir oulaas 'n glasié vodka klink op 'n suksesvolle Russiese toer. Voort na die lughawe in **St Petersburg** vir Vlug LH 1437 wat om 17:50 vertrek en ons via **Frankfurt** huis toe neem. (Vlug LH 572 vertrek om 22:05 vanaf Frankfurt na Johannesburg.)

Sa 09 JOHANNESBURG

Ons land om **08:30** op die **O.R. Tambo-lughawe** in Johannesburg ná 'n onvergeetlike toer- en lewenservaring.

LET WEL:

- ✿ ***Russiese teaterskedules en programme vir Junie 2022 is nog nie beskikbaar nie. Besonderhede van musiekuitvoerings en opsionele uitstappies word dus eers later bevestig.***
- ✿ ***Die dag-tot-dag toerprogram is aan veranderings onderworpe.***